**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**FEB / MARCH / MAART 2006**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

- Al VIER afdelings is VERPLIGTEND.
- Nommer vrae presies soos op die vraestel.
- Werk NETJIES.
- BESIN deeglik vooraf en benut die volle tydsduur van die vraestel.

---

AFDELING A
**LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Nommer vrae vir hierdie afdeling in die middel van die bladsy en laat reëls oop tussen antwoorde.

Lees die onderstaande tekste sorgvuldig deur en beantwoord die vrae by elke teks.

**WAT'S MEER**
**AMERIKAANS AS JAMES DEAN, MARLON BRANDO EN BRUCE SPRINGSTEEN?**

**1.** Levi Strauss is so bloubloed-Amerikaans soos Kentucky Fried Chicken en die Rockies en vandag onteenseglik een van die bekendste en gesogste handelsmerke ter wêreld. Dis ? multinasionale maatskappy, ? wêreldspeler, dinamies en op die snykant. Sinoniem met supermodelle én cowboys. Nie verniet ? maatskappy en handelsmerk wat al meer as ? eeu oorleef nie.

**2.** In so ? hoogs mededingende mark kan jy verwag dat net die skerpstes onder die skerpes vir bestuursposte uitgesnuffel word. Dis nie enige janrap wat die kans kry om deel te word van die Levi's-legende nie. En een van daardie uitgesoekte klompie vandag is ? Afrikaanssprekende Kapenaar.

**3.** Op net 39 is Mike Joubert besturende direkteur van Levi Strauss Suid-Afrika en Afrika – die eerste Suid-Afrikaner in dié pos ná twee Amerikaners.

**4.** Hy maak vir ons sitplek in sy kantoor op die vierde verdieping van Levi's se hoofkantoor in die Kaapse strandgebied. My en Mike se paaie het in die verlede gekruis, maar nooit lank genoeg vir ? diep gesprek nie.

**5.** Wat ek reeds van hom weet, is dat hy daarvan hou om Suid-Afrika van sy Harley se sitplek af te sien, dat sy versameling Suid-Afrikaanse kuns vir hom kosbaar is en hy vir Suid-Afrika en Suid-Afrikaners omgee. Wat ek gou van hom uitvind, is dat die man dit haat om oor homself te praat. Dat hy stokstyf raak as ? fotograaf met sy kamera korrel.

**6.** Levi's se werwingsagent het gebel nadat Mike verskeie ander draaie as konsultant en bemarkingsontwikkelaar gemaak het. "Ek het vir my vennote gesê hierdie was my droom: ? internasionale handelsmerk met ? sterk geskiedenis van sosiale verantwoordelikheid. Een wat oor die jare gevestig is; wat in Afrika gevestig en uitgebou moet word. Dit was ? aanbod wat ek nie kon weier nie."

**7.** "Levi's se 501-jeans is vanjaar al 130 jaar oud. Dis verreweg die wêreld se topverkoper-jeans. As ? deel van Levi's se gedenkvieringe vanjaar word al die ikoniese elemente van die 501, Type 1, die oupagrootjie van almal se gunsteling-kledingstuk, weer vanjaar uitgereik. ? Eenvoudige, sexy weergawe van die jeans wat dit alles begin het."

**8.** Maar amper groter nuus, reken hy, is die feit dat Levi's Suid-Afrika vanjaar vir die eerste keer produkte na Amerika uitvoer. Sowaar! "Amerikaanse jeans vir Amerikaners, vervaardig in Epping. Ek dink ons internasionale hoofkantoor in San Fransisco kon miskien dink ons was astrant om die voorstel te maak. Maar hulle het dit aanvaar."

**9.** ? Sterk klem van Levi's se internasionale handelsmerkstrategie fokus op die gehalte waarop die naam gebou is in vennootskap met moderne tegnologie.

**10.** Maar die punt van Mike se hart is sonder twyfel sy en sy maatskappy se betrokkenheid by maatskaplike kwessies. En dis hier waar jy gou agterkom hy is nie net bek nie.

**11.** Op skool het hy vir ? Zoeloe-laerskool Sondagskoolklas gegee. Op Tukkies het hy "op versoek van ander" as studenteraadsvoorsitter gestaan – en geword – en toe al besef "dit is moontlik – en miskien my plig – om van binne ? verskil te probeer maak".

**12.** "Levi's is veral betrokke by die stryd teen MIV-vigs. Dit was die jong verkragtingslagoffers in die Rooikruis-kinderhospitaal in Kaapstad wat my laat voel het San Francisco moet ons toelaat om saam met ons bemarkingsveldtog ook ? vigsveldtog van stapel te stuur. Hulle reaksie was kort en kragtig: 'Go for it and do it well'."

**13.** Ongeletterdheid is net so hoog op sy agenda. "Ons bly in ? land waar ongeveer 38% van die mense as ongeletterd beskou kan word. As ons wil werk skep en ? groter speler in internasionale sake wil word, is dit die tipe ding wat aandag sal moet geniet. As ons ? verskil kan maak in dié gebiede, kom hoop en resultate bymekaar."

**14.** "Maar my persoonlike mantra gaan haal ek by iets wat dr. Anton Rupert in my studiejare vir my gesê het: dat ? mens jou resultate aan ander mense meet. Ek wil ? verskil maak aan die lewe van mense rondom my. En om mense te bemagtig is om ? verskil te maak. Dit is belangrik en ? doelwit sonder ? einde. Ek kan my lewe daaraan wy."

**15.** En ek glo hom, dié beskeie man – met ewe netjies – die skeurplek onder die knie.

**(Inligting verwerk uit *INSIG*, Jan. / Feb. 2004)**

1.1 Wat wil die woord **bloubloed** in paragraaf 1 oor Levi Strauss te kenne gee? (1)

1.2 Wat word gewoonlik bedoel wanneer ? mens sê dat iemand **blou bloed** het? (1)

1.3 Skryf EEN woord uit paragraaf 1 neer wat daarop dui dat Levi Strauss ? handelsmerk is wat baie gewild / populêr is. (1)

1.4 Watter afleiding maak jy oor supermodelle en cowboys uit die lees van paragraaf 1? (1)

1.5 Watter woord in paragraaf 2 dui op ? niksbeduidende persoon? (1)

1.6 Behalwe dat Mike Joubert nog jonk is, wat is nóg merkwaardig rakende sy aanstelling as besturende direkteur van Levi Strauss in Suid-Afrika (par. 3)? (1)

1.7 Volgens paragraaf 5 hou hy daarvan **om Suid-Afrika van sy Harley se sitplek af te sien ...** Sê in jou eie woorde wat hiermee bedoel word. (2)

1.8 Watter karaktereienskap van Mike Joubert blyk uit die feit dat hy **dit haat om oor homself te praat en (d)at hy stokstyf raak as ? fotograaf met sy kamera korrel** (par. 5)? Skryf slegs EEN woord neer. (1)

1.9 Watter uitdaging het hierdie aanstelling aan Joubert gebied volgens paragraaf 6? (2)

1.10 Watter WOORD in paragraaf 7 dui daarop dat geen ander jeans naby Levi's kom wat verkope betref nie? (1)

1.11 Wat is ironies aan die feit dat Levi's Suid-Afrika produkte na Amerika uitvoer (par. 8)? (1)

1.12 **En dis hier waar jy gou agterkom hy is nie net bek nie.** (par. 10)

1.12.1 Wat word hiermee bedoel? (1)

1.12.2 Skryf ? uitdrukking neer wat die teenoorgestelde beteken as **hy is nie net bek nie**. Gebruik **daad** as leidraad. (1)

1.13 Watter TWEE maatskaplike kwessies waarna daar in paragraaf 10 verwys word, word verderaan in die teks genoem? (2)

1.14 Verduidelik die paradoks (oënskynlike teenstelling) in paragraaf 15. (1)

## AG, WÁÁROM DIE VERKEERSKNOPE?

**1.** " ? Nuwe e-pos-wurm het vinnig begin versprei en slaan munt uit ? Internet Explorer-swakheid wat al twee jaar gelede aangemeld is."

**2.** Só lui die waarskuwing van News.com, die internet se voorste tegnologie-webkoerant, einde September. En netwerkadministrateurs reg oor die wêreld sidder, want hulle weet nie meer hoe om staande te bly teen die aanslae nie.

**3.** Maatskappye in Suid-Afrika (soos in elke ander land) het die afgelope vier jaar meer aan produktiwiteit verloor weens rekenaarvirusse as in al die ander jare voor 1999 – bymekaar getel. En steeds is dit het einde niet. Die rede daarvoor is die aard van die nuwe geslag virusse – wat lank nie meer net daarop ingestel is om die data op ? individu se hardeskyf uit te wis nie, maar om die hele internet op sy knieë te dwing.

**4.** Gibe.F staan bekend as ? massapos-virus ("mass mailer"), ? digitale gogga wat die eerste keer in Desember 1987 kop uitgesteek het met die skep van die "Christma exec". (Die skepper van die virus het sy werk onder die dekmantel van ? Kersboodskap die wêreld ingestuur.)

**5.** "Melissa", die chaos-skeppende virus van 1999, het egter massapossers laat herleef en deesdae skop jy een agter elke kuberbos uit.

**6.** Massapos-virusse word so genoem omdat dit honderde e-posse uitstuur vanaf elke rekenaar wat dit besmet en dus netwerke tot stilstand dwing deur die skep van geweldig baie digitale verkeer.

**7.** Maar deesdae verg die dekmantel waaronder ? virusskrywer sy produk die wêreld instuur veel meer vaardigheid as die programmering daarvan. In die kuberkraakwêreld staan dit bekend as sosiale ingenieurswese.

**8.** ? Virus moet eers geaktiveer word om sy skade aan te rig, en Gibe.F se sosiale ingenieurswese is diabolies slim: dit kom saam met ? e-pos wat voorgee om direk van Bill Gates se Microsoft te kom en beloof om ? sekerheidsopdatering vir die einste Internet Explorer-swakheid te wees wat dit misbruik. Goedgelowige en meestal oningeligte ontvangers dubbelkliek op die aanhegsel (met die astrante naam "cumulative patch") en dan begin die sports.

**9.** Wat Gibe.F nóg gevaarliker maak, is dat dit ook deur internet-kletskamers kan versprei, terwyl hy homself boonop as virusbestryding-lêers op ? slagoffer se hardeskyf kan kamoefleer.

**10.** Dit sal nie die laaste van sy soort wees nie, ook nie die gevaarlikste nie. ? Teenvoeter is reeds ontwikkel en beskikbaar. Die lewe op die internet gaan aan. Maar deur dit alles wonder ? mens steeds oor die waaroms agter dit alles.

**(Uit: *Insig*, Nov. 2003)**

1.15 Verklaar die volgende uitdrukkings binne teksverband:

1.15.1 slaan munt uit (par. 1)

1.15.2 op sy knieë (te) dwing (par. 3) (2)

1.16 Skryf EEN woord uit paragraaf 2 neer wat daarop dui dat die verskyning van die nuwe e-pos-wurm die mense in beheer van rekenaarnetwerke bang maak. (1)

1.17 Hoe verskil die nuwe geslag rekenaarvirusse van die vorige geslag? (2)

1.18 Waarom sal ? e-pos wat aan Bill Gates se Microsoft gekoppel is sonder voorbehoud deur goedgelowige ontvangers aanvaar word? (1)

1.19 Skryf EEN woord uit paragraaf 9 neer wat dieselfde betekenis oordra as die uitdrukking **onder die dekmantel van** in paragraaf 4. (1)

1.20 Watter TWEE maniere gebruik die skrywer in die titel van die teks om sy misnoeë met probleme in die digitale verkeer te kenne te gee? (2)

**EN**

Die inligting wat jy benodig om Vraag 1.21 te beantwoord kom uit die volgende teks. Lees dit sorgvuldig deur en beantwoord die vraag wat volg.

**SONDER MAAN TAS KRUIER MIS**

**1.** Met die maan gepla, het vir elkeen sy eie betekenis, maar vir die miskruier beteken maanskyn die verskil tussen oorlewing of die einde van sy soort.

**2.** *Scrarabaeus zambesianus* het nie ? maklike lewe nie. Hy moet so vinnig moontlik by ? vars mishoop uitkom, sy balletjie mis bymekaarmaak en so gou moontlik daarwegkom voordat ? ander kruier dit afneem of hy iemand se aandete word.

**3.** "Die afleiding wat ons gemaak het, is dat dit sin sou maak om so gou moontlik en in ? reguit lyn van die mishoop weg te kom. Die balletjie mis word dan begrawe om later geëet te word of ? eiertjie word daarin gelê sodat die larwes iets het om te eet," verduidelik mnr. Marcus Byrne van die ekofisiologiese navorsingseenheid aan die Universiteit van die Witwatersrand.

**4.** Deur die dag gebruik talle insekte die son om hulle te oriënteer. In die skemer is dit moeiliker, maar ? miskruier kan nie die kans laat verbygaan om ? goeie ete in die hande te kry nie. Daarvoor gebruik hy die gepolariseerde lig van die maan om sy "koördinate" reg te kry.

**5.** Sover bekend, is dit die enigste dier wat van gepolariseerde maanlig gebruik maak om sy rigting te bepaal, sê Byrne.

**6.** Hulle het bevind dat miskruiers in maanlig reguit weg van die mishoop beweeg, terwyl hulle op "maanlose" nagte hul misballetjies rigtingloos rondstoot.

**7.** "Om die bevindings te toets het ons filters tussen die maan en die miskruier geplaas. As die maan heeltemal verberg is, is hy rigtingloos."

**8.** "As ons ? filter opgesit het wat die maanlig met 90° draai, het die miskruier ook 90° gedraai."


**9.** Gepolariseerde lig word veroorsaak deur ligstrale wat met die atmosfeer "bots" en patrone vorm wat vir die menslike oog onsigbaar is, maar deur talle insekte en diere gesien kan word.

**10.** Hengelaars gebruik dikwels gepolariseerde sonbrille om beter "in" water te kan sien aangesien die sonbrille die glans van die water "wegneem".

**(Uit: *Beeld*, 17 Julie 2003)**


1.21 Die volgende drie figure is grafiese voorstellings van die beweging van miskruiers onder bepaalde omstandighede, soos in die voorafgaande teks uiteengesit. Gee by elke figuur ? kort verduideliking (**na aanleiding van die inhoud van die gelese teks**) van wat voorgestel word.

1.21.1




**Figuur 1** (1)

1.21.2



**Figuur 2** (1)

1.21.3



**Figuur 3** (1)

**(Uit: *Beeld*, 17 Julie 2003)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

AFDELING B

**OPSOMMING / SAMEVATTING / PRÉCIS**

**VRAAG 2**

In die teks **Hou die blink kant bo** beskryf Shelley van Staaden van Communicate Personnel VIER tegnieke wat jy moet toepas om positief te bly wanneer jy op soek is na werk. Lees die teks deur, identifiseer die VIER tegnieke en maak ? opsomming / samevatting / précis daarvan in 80 woorde. Dui aan hoeveel woorde jy gebruik het. **[10]**

**LET WEL:**

- Telegramstyl is onaanvaarbaar.
- Jou antwoord moet in EEN paragraaf aangebied word.
- Gebruik die titel **Aanhouer wen met studie** vir jou opsomming / samevatting / précis.
- Die woorde van die titel word nie in berekening gebring nie.
- Punte sal afgetrek word vir lengte-oorskryding.
- Dui die totale aantal woorde onder jou stuk aan.

**HOU DIE BLINK KANT BO**

**1.** Of jy nou werkloos is of net op soek na ? nuwe werk – bly positief! Al kan die werksoekproses jou selfbeeld skade aandoen en jou baie negatief laat voel, is dit ongelukkig juis dán wanneer jy baie energie en positiwiteit moet toon – alle werkgewers soek na entoesiasme in potensiële werknemers.

**2.** Shelley van Staaden, Gauteng se hoofbestuurder van *Communicate Personnel* skryf die volgende tegnieke voor om positief te bly:

**3.** • Moenie te veel aandag aan negatiewe gedagtes gee nie. Almal moet negatiewe terugvoer hanteer tydens die werksoekproses. Moenie ? "nee" as ? terugslag ervaar nie – sien dit eerder as ? stappie nader aan die regte aanbod. Ontleed die moontlike redes waarom jy nie die pos gekry het waarvoor jy aansoek gedoen het nie.

**4.** Jy mag dalk ontdek dat daar ? les in die ervaring is wat jy tot jou voordeel kan aanwend met die volgende onderhoud.

**5.** • Wees geduldig. Dit neem ? rukkie om ? werk te vind wat die beste aan jou behoeftes voldoen. Probeer om gefokus te bly op die soektog en vertrou dat jou harde werk sal lei tot die werk wat reg is vir jou.

**6.** • Gebruik jou ondersteuningsnetwerk. Ondersteuning van jou mentors, vriende en familie is ? onmisbare bron van positiewe energie tydens die groot soektog. Maak gebruik van die mense wat vir jou omgee se raad, insig en aanmoediging.

**7.** • Soek afleiding. Terwyl dit belangrik is om soveel moontlik van jou tyd te gebruik om navorsing te doen, jou netwerk-kennisse uit te breien CV's onder potensiële werkgewers te sirkuleer, hoef jy nie saans ook voor jou rekenaar vasgenael te sit nie.

**8.** Neem deel aan ? groepaktiwiteit wat jou kreatiewe sy inspireer en stimuleer, raak betrokke by ? klub of bestee tyd saam met vriende. Met ander woorde, maak tyd vir pret.

**9.** Werksoek hoef nie jou selfbeeld te skaad en jou mismoedig te laat voel nie. Deur van hierdie eenvoudige riglyne te volg behoort jy dit reg te kry om jou energievlakke hoog te hou en aan te hou streef na jou nuwe droombetrekking.

**(Uit: Beroepe in *Beeld*, 27 Aug. 2003)**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

AFDELING C

**KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK IN KONTEKS**

**VRAAG 3**

Bestudeer die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat na aanleiding daarvan gestel word.

**VIERSLAGFIETSE VIR SKOOLKINDERS**

**1.** ? Pretoriase motorfietshandelaar het pas ? groot reeks nuwe motorfietse bekend gestel wat uiters geskik is vir skoolkinders en universiteitstudente.

**2.** Dié nuwe vierslagmotorfietse het enjins van 125 of 150 cc en kom van die Honda-motorfietsfabriek in Japan.

**3.** Eugene Loubser, direkteur van CIT Sports Products in Hatfield, Pretoria, het bevestig dat die motorfietse die volle fabrieksteun geniet en almal ? fabriekswaarborg van een jaar het.

**4.** "Ons teikenmark is skoolkinders van 16 jaar en ouer vir die 125 cc-modelle en universiteit-studente vir die 150 cc-modelle," het Loubser gesê.

**5.** "Ons fokus veral op die bekostigbaarheid van die produk sowel as die lae instandhoudings-koste vanweë die feit dat die motorfietse vierslagenjins het."

**6.** Tot dusver was motorfietse in dié klas hoofsaaklik met morsige en raserige tweeslag-enjins beskikbaar (tweeslagenjins gebruik ? mengsel van petrol en olie en het ? kenmerkende skerp klank, teenoor vierslagenjins wat soos gewone enjins werk en ? dieper, minder irriterende klank het).

**7.** Die nuwe reeks Honda CBR 125- en 150 cc-motorfietse voldoen ook aan Europese uitlaatstandaarde, het Loubser gesê.

**8.** Die enjins is identies, behalwe wat hul verplasingsinhoud betref, en het ? dubbel-bonokas met vier kleppe. Die motorfietse het skyfremme voor en agter, sewentienduim-vellings en daar is twee sportverrigtingpakkette beskikbaar. Die motorfietse hoef net elke 5 000 km versien te word en word deur ? onbeperkte waarborg van een jaar gedek.

**9.** Daar is ? keuse uit drie kleure. Die prys van beide die modelle is net R28 500.

**(Uit: *MotorBeeld*, 11 Desember 2003)**

3.1 ? (Iemand wat in Pretoria bly par. 1) het pas ? groot reeks nuwe motorfietse bekend gestel. Gee EEN woord vir die omskrywing in hakies. (1)

3.2 Die nuwe vierslagmotorfietse is 3.2.1 (kom vanaf) van Japan en is 3.2.2 (sonder om te twyfel) geskik vir skoolkinders en universiteitstudente. Vervang die woorde in hakies met EEN woord. (2)

3.3 Gee die afkorting vir **direkteur** in paragraaf 3. (1)

3.4 Daar is twee erkende meervoudsvorms vir **direkteur**. Skryf die TWEE wisselvorms neer. (2)

3.5 Wat word bedoel met **teikenmark** in paragraaf 4? (2)

3.6 **Die verskil tussen tweeslagenjins en vierslagenjins is veral in klank geleë**. (par. 6) Herskryf die voorafgaande sin sodat die woord **enjin** slegs een keer in die sin voorkom. (1)

3.7 Van watter oorspronklike woord is **keuse** in paragraaf 9 afgelei? (1)

3.8 Volgens paragraaf 7 **voldoen** die motorfiets **aan** Europese uitlaatstandaarde. Voltooi ook die volgende vaste verbindings deur die korrekte ontbrekende woord in te vul.

3.8.1 Die koning het ? oudiënsie ______ die gesant verleen.

3.8.2 ______ die keper beskou is dit nie so ? slegte voorstel nie.

3.8.3 Jy moet jou weerhou ______ die kwaad. (3)

3.9 Wat is die betekenis van **ver-** in **versien** in paragraaf 8? (1)

3.10 Gebruik **hoef** in paragraaf 8 in ? sin sodat dit ? ander betekenis het as in die teks. (1)

3.11 Skryf **R28 500** in paragraaf 9 uit in woorde. (2)




**(Uit: *RAPPORT*, 15 Februarie 2004)**

3.12 Volgens raampie 2 het Jeremy se ma aan die ______ gedoen dat hy die groen hemp dra. Voltooi die uitdrukking deur die ontbrekende woord in te vul. (1)

3.13 Jeremy reageer met ? **O?** op sy ma se stelling in raampie 1.

3.13.1 Watter betekenis word hierdeur oorgedra?

3.13.2 Hoe sou die betekenis verskil indien die vraagteken met ? uitroepteken vervang word? (2)

3.14 Herskryf Jeremy se woorde aan sy ma in raampie 5 in die hede. (1)

3.15 Hoe sou jy Jeremy se woorde in raampie 6 aan iemand anders oordra?
Begin jou antwoord met: **Jeremy wil weet ...** (1)

3.16 Wat is die verskil tussen ? persoonlike dankie-brief en ? e-pos? (raampie 3) (2)

**DRAAI GEMORSPOS NEK OM**

Spam kan gedefinieer word as die massa ongevraagde e-posse wat jy ontvang – van wondermiddels vir gewigverlies tot afslag op duur produkte. Dié elektroniese vorm van "gemorspos" kan jou internetsekuriteit in gevaar stel. Spam kan in sewe kategorieë onderverdeel word, waaronder skemas waarin jy vertroulike inligting soos jou kredietkaartnommer moet bekend maak. Sodra dié inligting deurgegee word, is dit beskikbaar vir enigeen wat toegang tot dié e-pos kan verkry en jou privaatheid en geldsake kan in gedrang wees. ? Paar wenke om jou rekenaar spam-vry te hou is om nie ? geadverteerde produk te koop nie en situasies te vermy waarin jy jou e-pos-adres aan die publiek blootstel. Die doeltreffendste manier is om sagteware aan te skaf wat die gemorspos sal filter en dit verhinder om jou e-pos-adres te bereik. ? Goeie sagtewareprogram wat die probleem vinnig kan oplos, is onlangs deur Symantec bekend gestel – Norton Internet Security 2003, wat Norton Spam Alert insluit.

**(Uit: *Rooi Rose*, September 2003)**

3.17 Word die uitdrukking **nek omdraai** in die opskrif van die teks letterlik of figuurlik gebruik? (1)

3.18 Wat beteken die uitdrukking **nek omdraai** soos wat dit hier gebruik word? (1)

3.19 Wat beteken die volgende uitdrukkings waarin die woord **nek** ook gebruik word:

3.19.1 op iemand se nek lê?

3.19.2 deur jou nek praat? (2)

3.20 Van watter oorspronklike woord is **ongevraagde** in reël 1 afgelei? (1)

3.21 Gee ? woord met dieselfde betekenis vir **afslag** in reël 2. (1)

3.22 Die afslag word gegee vir groot produkte sowel as klein (produkte reël 2).
Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.23 Wat is die afkorting vir **waaronder** in reël 4? (1)

3.24 Maak gebruik van die akuutaksentteken en dui aan waar die klem geplaas sal word met die uitspreek van **vertroulike** in reël 4. (1)

3.25 Watter letter val weg met die uitspreek van **privaatheid** in reël 6? (1)

3.26 Wanneer jy jou e-pos-adres bekend maak, word jy onbeskermd gelaat. Skryf EEN woord uit die teks neer wat beteken **om jouself onbeskermd te laat**. (1)

3.27 **? Goeie sagtewareprogram wat die probleem vinnig kan oplos, is onlangs deur Symantec bekend gestel.** (reël 10 – 12) Herskryf die sin deur te begin met: Symantec ... (2)

3.28 Symantec het ? sagtewareprogram bekend gestel wat die probleem vinnig uit die weg kan ______. Voltooi die uitdrukking deur die ontbrekende woord in te vul. (1)

3.29 Dui aan in watter grepe jy **situasies** in reël 8 sal skryf. (1)

3.30 Gee EEN woord met die teenoorgestelde betekenis as die frase **in gevaar stel** (reël 3). (1)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

AFDELING D

**TAALVERSORGING**

**VRAAG 4**

In hierdie afdeling moet jy taalfoute korrigeer. Lees die teks deur om jou te vergewis van die inhoud en beantwoord dan die vrae wat gestel word.

**AS DIE WIND UIT JOU WIELE IS**

**1.** ? Mens moenie altyd aan teespoed dink nie, maar dis dom om nie voorbereid te wees nie. Weet jy byvoorbeeld hoe om ? pap band om te ruil? Weet jy ooit waar jou noodwiel is en is hy styf gepomp? Hier is ? paar nuttige wenke vir die omruil?

**2.** • Maak seker jy staan ver genoeg uit die pad van aankom verkeer, selfs al beteken dit jy moet ? endjie ry met jou papband – maar dan tog stadig!

**3.** • Stop op gelyke, harde grond en onthou die handrem ? Ratkas moet in rat wees en ? outomatiese motor in parkeermodus.

**4.** • Skakel jou enjin af en jou noodflikkers aan en pluk jou goed versorgte noodwiel uit. (Die meeste motors sn is in die boot saam met die jack en die moersleutel.)

**5.** • Plaas twee stukke hout of klip voor en agter die wiel teenoorgesteld aan die pap een

**6.** • Maak die moere van die pap wiel in ? oorhoekse patroon los met die moersleutel, maar moenie die moere heeltemal uitdraai.

**7.** • Gebruik die motorhandleiding om seker te maak jy gebruik die jack op die regte manier. Dit moet feilig vas en regop staan.

**8.** • Jack die wiel op tot die pap wiel van die grond gelig is en jy dit maklik kan af haal. Draai nou die moere heeltemal uit en sit hulle op ? plek waar jy hulle weer gaan kry.

**9.** • As jy die pap wiel afgehaal het, plaas dit onder jou voertuig, langs die jack.

**10.** • Voor jy die noodwiel aansit, maak eers hondseker dat daar waar dit aan die velling rim moet vaskom, dit sonder modder en sand is.

**11.** • Monteer die noodwiel en maak die moere vas; omgekeerd van hoe dit los gemaak was.

**12.** • Haal die pap band onder die motor uit en laat sak jou motor.

**13.** • Maak weer seker die moere styf is noudat jou motor weer op die grond is.

**14.** • Haal die klippe of stompe onder die ander wiel uit.

**15.** • Laat jou noodwiel so gou as moontlik regmaak en laat hulle ook kyk of jou wiel se moere vas genoeg is.

**16.** • Gaan jou noodwiel gereeld na, veral voordat jy op reis gaan. Hou dit in ? goeie toestand en pomp dit altyd stywer as wat jou ander bande gepomp is, As dit dan lug verloor sal dit jou steeds nie in die steek bring nie.

**(Uit: *VELD TOE*, Julie – September 2003)**

4.1 Die **afwesigheid van ? skryfteken** in paragraaf 1 het ? spelfout tot gevolg. Skryf die woord korrek (met die ontbrekende skryfteken) neer. (1)

4.2 ? Foutiewe leesteken kom voor in paragraaf 1. Skryf die **sin** waarin dit voorkom neer en vervang die foutiewe leesteken met die korrekte een. (1)

4.3 Maak gebruik van die korrekte **aksentteken** om aan te toon dat dit belangrik is om stadig te ry (paragraaf 2). (1)

4.4 Paragraaf 2 en paragraaf 4 bevat beide ? woord waarvan die **vorm** nie korrek is nie. Skryf die TWEE woorde korrek neer. (2)

4.5 Maak gebruik van ? **leesteken** om die **dringendheid** van die gebruik van die handrem (par. 3) te beklemtoon. Skryf slegs ? **frase** met die korrekte leesteken neer. (1)

4.6 ? Belangrike **skryfteken** om aan te dui dat ? letter weggelaat is, ontbreek in paragraaf 4. Maak reg! (1)

4.7 Gee goeie Afrikaanse woorde vir:

4.7.1 boot (paragraaf 4)

4.7.2 jack (paragraaf 4) (2)

4.8 Korrigeer die foutiewe gebruik van die **ontkenningsvorm** in paragraaf 6. (1)

4.9 Kommas ontbreek in paragraaf 7 en 16. Skryf slegs die woord **vóór** en **ná** die komma neer en voeg die ontbrekende komma in. (2)

4.10 ? Verkeerde woord is in paragraaf 10 gebruik om **intensiteit** aan te dui. Gee die korrekte intensiewe vorm van die woord. (1)

4.11 Hakies ontbreek in paragraaf 10. Maak reg. (1)

4.12 Afrikaanssprekende mense gebruik gereeld die verledetydsvorm van die lydende vorm verkeerd, soos ook weer in paragraaf 11. Skryf die **frase** waarin die fout voorkom neer en korrigeer. (1)

4.13 Verbeter die woordordefout in paragraaf 13. (1)

4.14 In paragraaf 16 is daar ? uitdrukking gebruik waarin daar ? fout begaan is. Skryf die korrekte uitdrukking neer. (1)

4.15 Benewens al die ander foute in die teks wat jy reeds gekorrigeer het, is daar nog DRIE spelfoute. Jy sal hulle vind in paragraaf 2 – 8. Skryf die woorde korrek neer. (3)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [20]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**